



# **NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 11**

**NOVEMBER 2022**

**REKENINGKUNDE V1**

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

---

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye, insluitend  
'n formuleblad, en 'n 8 bladsy-antwoordeboek.

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.
3. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.
4. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
5. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
6. Toon ALLE bewerkings tot EEN desimale punt, waar van toepassing.
7. Indien jy dit verkies, mag jy die Formuleblad met Finansiële Aanwysers wat aan die einde van hierdie vraestel aangeheg is, gebruik. Die gebruik van hierdie formuleblad is NIE verpligtend NIE.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

| VRAAG         | ONDERWERP                                                   | PUNTE      | TYD<br>(minute) |
|---------------|-------------------------------------------------------------|------------|-----------------|
| 1             | Rekeningkundige vergelyking, Vaste Bates                    | 20         | 15              |
| 2             | Begrippe, Staat van Omvattende Inkomste                     | 45         | 35              |
| 3             | Staat van Finansiële Posisie en Notas                       | 55         | 45              |
| 4             | Finansiële aanwysers en vertolking van finansiële inligting | 30         | 25              |
| <b>TOTAAL</b> |                                                             | <b>150</b> | <b>120</b>      |

**VRAAG 1: REKENINGKUNDIGE VERGELYKING, VASTE BATES****(20 punte, 15 minute)****1.1 REKENINGKUNDIGE VERGELYKING**

Voltooi die tabel om die effek op die rekeningkundige vergelyking vir die volgende transaksies aan te dui.

**LET WEL:** Neem aan dat die banksaldo gunstig is en die deurlopende voorraadstelsel vir alle transaksies in gebruik is.

Voorbeeld: Reik 'n kwitansie uit vir huur ontvang.

**TRANSAKSIES:**

- (a) Een van die vennote het 'n afleweringsvoertuig bygedra as deel van sy belegging in die vennootskap
- (b) Kredietnota ontvang vir beskadigde toerusting teruggestuur
- (c) Herstelwerk aan geboue is verkeerdelik in die Grond- en gebouerekening gedebiteer. Dit moet reggestel word

**(6)****1.2 LULU HANDELAARS**

Die volgende inligting het betrekking op die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2022.

**GEVRA:**

Bereken die ontbrekende syfers aangedui deur (i) tot (iv) op die vaste bate-nota. **(14)**

**INLIGTING:****A. Vaste bate nota:**

|                                 | <b>Grond en geboue</b> | <b>Toerusting</b> | <b>Voertuie</b> |
|---------------------------------|------------------------|-------------------|-----------------|
| Drawaarde op 1 Julie 2021       | 3 000 000              | (ii)              | 800 000         |
| Kosprys                         | 3 000 000              | 420 000           | 1 080 000       |
| Opgehoopte waardevermindering   |                        | (160 000)         | (280 000)       |
| Byvoegings teen kosprys         | 760 000                | 160 000           |                 |
| Vervreemding teen drawaarde     |                        |                   | (iv)            |
| Waardevermindering vir die jaar |                        | (iii)             |                 |
| Drawaarde op 30 Junie 2022      |                        |                   |                 |
| Kosprys                         | (i)                    | 580 000           | 720 000         |
| Opgehoopte waardevermindering   |                        |                   |                 |

**B. Inligting uit die vaste bateregister:**

- Waardevermindering op toerusting word bereken teen 10% p.j. op die verminderde saldo.
- Nuwe toerusting is op 1 Oktober 2021 aangekoop.
- Waardevermindering op voertuie word bereken teen 15% p.j. op die kosprys.
- 'n Afleweringsvoertuig is verkoop vir R112 000 kontant op 1 Maart 2022. Die kosprys is R360 000 en opgehoopte waardevermindering op 1 Julie 2021 het R216 000 beloop.

**VRAAG 2: BEGRIPPE, STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE****(45 punte, 35 minute)****2.1 BEGRIPPE**

Pas die AARP-beginsels in KOLOM A by die voorbeelde in KOLOM B. Skryf slegs die letters (A–D) langs die vraagnommers (2.1.1 tot 2.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| KOLOM A                | KOLOM B                                                                                                              |
|------------------------|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| 2.1.1 Wesenlikheid     | A Geboue word waardeer teen R2 500 000 maar word in die finansiële state as R550 000 aangedui.                       |
| 2.1.2 Paring           | B Rente uitgawe moet afsonderlik in die finansiële state aangetoon word.                                             |
| 2.1.3 Historiese koste | C 'n Debiteur wat R1 270 skuld, is as 'n oninbare skuld afgeskryf omdat hy nie opgespoor kan word nie.               |
| 2.1.4 Omsigtigheid     | D Versekering, R 2 500, is vooruitbetaal. Hierdie bedrag word nie in die Staat van Omvattende Inkomste aangedui nie. |

(4 x 1) (4)

**2.2 AMADIBA HANDELAARS****GEVRA:**

2.2.1 Voltooi die Staat van Omvattende Inkomste vir die jaar geëindig op 28 Februarie 2022. (37)

2.2.2 **Verwys na Inligting B (viii)**  
Gee TWEE moontlike redes waarom huur inkomste verminder het. (4)

**INLIGTING:****A. Uittreksel uit Voor-aansuiweringsproefbalans op 28 Februarie 2022:**

|                                                |           |
|------------------------------------------------|-----------|
| Handelsvoorraad                                | R 284 000 |
| Lening: ANW Bank                               | 294 500   |
| Debiteurekontrole                              | 88 000    |
| Voorsiening vir oninbare skulde (1 Maart 2021) | 5 950     |
| Verkope                                        | 1 770 400 |
| Koste van verkope                              | ?         |
| Salarisse en lone                              | 192 200   |
| Versekering                                    | 107 730   |
| Huur inkomste                                  | 69 700    |
| Korting ontvang                                | 4 600     |
| Oninbare skulde                                | 7 790     |
| Advertensies                                   | 46 600    |
| Telefoon                                       | 10 500    |
| Waardevermindering                             | 61 500    |
| Rente op vaste deposito (balanseersyfer)       | ?         |

**B. Aansuiwerings en addisionele inligting:**

- (i) Die onderneming gebruik 'n vaste winsopslag van 60% op die kosprys. Dit is oor die finansiële jaar behaal.
- (ii) Op 28 Februarie 2022 is kredietverkope van R9 600 nie aangeteken nie.
- (iii) Voorraadopname op 28 Februarie 2022 dui handelsvoorraad van R287 700 ophande.
- (iv) 'n Verdere bedrag vir oninbare skulde, R1 400, moet afgeskryf word.
- (v) Suiwer die voorsiening vir oninbare skulde aan tot 5% van uitstaande debiteure.
- (vi) Die telefoonrekening vir Februarie 2022, R1 150, is nog nie betaal nie.
- (vii) Versekering is vir een maand vooruit betaal. Die versekeringspremie styg met 10% p.j. vanaf 1 Januarie 2022. Die polis is in plek vir die hele finansiële jaar.
- (viii) Huur inkomste is ontvang vir die tydperk 1 Maart 2021 tot 31 Desember 2021. Let wel dat die huur verminder het met R200 per maand vanaf 1 Oktober 2021.
- (ix) Die leningsstaat ontvang dui 'n sluitingsaldo van R312 000 aan. Rente gekapitaliseer is nog nie aangeteken nie.
- (x) Die netto wins vir die jaar nadat al die aansuiwerings in berekening gebring is, beloop R346 840.

**VRAAG 3: STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE EN NOTAS****(55 punte, 45 minute)****BCM HANDELAARS**

Die volgende inligting is geneem uit die boeke van BCM Handelaars, vennote Bolt en Comma, vir die finansiële jaar geëindig 31 Desember 2021.

**GEVRA:**

Voltooi die volgende op 31 Desember 2021:

- 3.1 Handels- en ander ontvangbares nota (7)
- 3.2 Privaatrekening nota (16)
- 3.3 Staat van Finansiële Posisie (32)

**INLIGTING:****A. Uittreksel uit die rekords op 31 Desember 2021.**

|                                            |              |
|--------------------------------------------|--------------|
| Kapitaal: B. Bolt                          | R 600 000    |
| Kapitaal: C. Comma                         | 500 000      |
| Privaatrekening B. Bolt (1 Januarie 2021)  | 146 500 (Kt) |
| Privaatrekening C. Comma (1 Januarie 2021) | 33 000 (Kt)  |
| Lening: Gqeberha Bank                      | 662 000      |
| Vaste bates (drawaarde)                    | 948 700      |
| Vaste deposito: Matatiel Bank              | 400 000      |
| Bank (ongunstig)                           | 31 500       |
| Wisselgeld                                 | 8 000        |
| Kleinkas                                   | 12 000       |
| Krediteurekontrole                         | 83 200       |
| Opgelope uitgawes                          | 5 400        |
| Vooruitbetaalde uitgawe                    | 3 900        |
| Handelsvoorraad (balanseersyfer)           | ?            |
| Debiteurekontrole                          | ?            |
| Voorsiening vir oninbare skulde            | 4 900        |
| SAID (LBS)                                 | ?            |

**B. Addisionele inligting wat in berekening gebring moet word:**

- (i) Netto handelsdebiteure het R372 600 beloop
- (ii) Leningstaat van Gqeberha Bank.

|                                             |          |
|---------------------------------------------|----------|
| Saldo aan die begin van die finansiële jaar | R692 000 |
| Rente gekapitaliseer                        | 20 000   |
| Terugbetalings gedurende die jaar           | ?        |
| Saldo aan die einde van die finansiële jaar | 662 000  |

**LET WEL:** Terugbetaling vir die volgende finansiële jaar sal gelyk wees aan 1,5 keer die gedeelte wat oor hierdie finansiële jaar betaal is.

- (iii) 'n Kwart van die vaste deposito verval op 30 Junie 2022.
- (iv) Uittreksel: Salarisjoernaal vir Desember 2021:

| Bruto salaris | Aftrekkings |     |        | Netto salaris |
|---------------|-------------|-----|--------|---------------|
|               | Pensioen    | LBS | Medies |               |
| R52 000       | 3 900       | ?   | 4 000  | 31 100        |

**LET WEL:** Die nodige betalings is gemaak behalwe vir LBS.

- (v) 'n EFO betaling, R12 500, is verkeerdelik aan Sandile Stores gemaak. Hulle is nie meer 'n krediteur nie en sal die geld gedurende Januarie 2022 terugbetaal.

**C. Vennootskapsooreenkoms:**

- (i) Die vennote is geregtig op die volgende salarisse:
  - B. Bolt: R50 000 per maand.
  - C. Comma: R480 000 per jaar.
- (ii) B. Bolt is geregtig op 'n bonus van 80% van sy maandelikse salaris.
- (iii) Rente op kapitaal word bereken teen 12% p.j. op die kapitaalsaldo's.  
**LET WEL:** C. Comma het op 1 Julie 2020 sy kapitaalbydrae met R100 000 verhoog.
- (iv) Die oorblywende wins word gedeel tussen B. Bolt en C. Comma in die verhouding 3 : 2 onderskeidelik.

**VRAAG 4: FINANSIËLE AANWYSERS EN VERTOLKING  
VAN FINANSIËLE INLIGTING**
**(30 punte, 25 minute)**

Die inligting het betrekking op EC Muller Handelaars, vennote Ezo en Collar, vir die finansiële tydperk wat op 28 Februarie 2022 geëindig het.

**GEVRA:**

- 4.1 Bereken die volgende:
- 4.1.1 Vuurproefverhouding (4)
- 4.1.2 Gemiddelde voorraadhouding-periode (in dae) (5)
- 4.1.3 Persentasie opbrengs op gemiddelde vennotebelang (5)
- 4.2 Lewer kommentaar op die likiditeitsposisie van die onderneming. Haal aan en verduidelik DRIE finansiële aanwysers (met syfers) in jou verduideliking. (8)
- 4.3 Die vennote het besluit om die lening gedurende die finansiële jaar te verminder. Verduidelik hoe hierdie besluit die risiko van die onderneming beïnvloed het. Haal aan en verduidelik EEN finansiële aanwyser met syfers. (4)
- 4.4 Collar is tevrede met die % opbrengs wat hy in die vennootskap verdien. Verskaf TWEE redes. Haal finansiële aanwysers en syfers aan. (4)

**INLIGTING:**
**A. Uittreksel uit die Staat van Omvattende Inkomste vir die jaar geëindig 28 Februarie 2022.**

|                         |            |
|-------------------------|------------|
| Verkope                 | R3 000 000 |
| Koste van verkope       | 1 875 000  |
| Netto wins vir die jaar | 660 000    |

**B. Uittreksel uit die Staat van Finansiële Posisie op 28 Februarie 2022.**

|                                | 2022             | 2021              |
|--------------------------------|------------------|-------------------|
| <b>Bedryfsbates</b>            | <b>R 854 000</b> | <b>R1 213 000</b> |
| Voorraad                       | 300 000          | 715 000           |
| Handels- en ander ontvangbares | 416 000          | 480 000           |
| Kontant en kontantekwivalente  | 138 000          | 18 000            |
| <b>Vennotebelang</b>           | <b>2 002 800</b> | <b>1 488 000</b>  |
| Kapitaalbydrae                 | 1 875 000        | 1 500 000         |
| Privaatrekeninge               | 127 800          | (12 000)          |
| <b>Niebedryfslaste</b>         | <b>600 000</b>   | <b>750 000</b>    |
| <b>Bedryfslaste</b>            | <b>588 000</b>   | <b>672 000</b>    |

**C. Finansiële aanwysers op 28 Februarie 2022**

|                                         | <b>2022</b> | <b>2021</b> |
|-----------------------------------------|-------------|-------------|
| Bedryfsverhouding                       | 1,5 : 1     | 1,8 : 1     |
| Vuurproefverhouding                     | ?           | 0,7 : 1     |
| Voorraadhouding-periode                 | ?           | 159 dae     |
| Skuld-ekwiteitsverhouding               | 0,3 : 1     | 0,5 : 1     |
| % opbrengs op gemiddelde vennotebeleng  | ?           | 34%         |
| % opbrengs op gemiddelde belang: Ezo    | 21%         | 30%         |
| % opbrengs op gemiddelde belang: Collar | 17%         | 14%         |

|           |
|-----------|
| <b>30</b> |
|-----------|

**TOTAAL: 150**

**GRAAD 11 REKENINGKUNDE FORMULEBLAD MET FINANSIËLE AANWYSERS**

|                                                                                                                  |                                                                                    |                                                                |
|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|------------------------------------------------------------------------------------|----------------------------------------------------------------|
| $\frac{\text{Brutowins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$                                                   | $\frac{\text{Brutowins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$           | $\frac{\text{Nettowins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$                                             | $\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$                   |                                                                |
| $\frac{\text{Totale verdienste per vennoot}}{\text{Gemiddelde eienaarsbelang van vennoot}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Nettowins}}{\text{Gemiddelde eienaarsbelang}} \times \frac{100}{1}$   |                                                                |
| Bedryfsbates : Bedryfslaste                                                                                      | (Bedryfsbates – Voorraad) : Bedryfslaste                                           |                                                                |
| (Handel en ander ontvangbares + Kontant en kontantekwivalente) : Bedryfslaste                                    |                                                                                    |                                                                |
| $\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$                                 | $\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Kredietaankope}} \times \frac{365}{1}$  |                                                                |
| $\frac{\text{Gemiddelde voorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365 \text{ of } 12}{1}$                | $\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde voorraad}} \times \frac{365}{1}$ |                                                                |
| Langtermynlenings : Eienaarsbelang                                                                               | Totale bates : Totale laste                                                        |                                                                |



**Naam:**

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 11**

**NOVEMBER 2022**

**REKENINGKUNDE V1  
ANTWOORDEBOEK**

| VRAAG    | MAKS. PUNTE | PUNTE<br>BEHAAL | GEMODEREERDE<br>PUNT |
|----------|-------------|-----------------|----------------------|
| <b>1</b> | <b>20</b>   |                 |                      |
| <b>2</b> | <b>45</b>   |                 |                      |
| <b>3</b> | <b>55</b>   |                 |                      |
| <b>4</b> | <b>30</b>   |                 |                      |
|          | <b>150</b>  |                 |                      |

Hierdie antwoordeboek bestaan uit 8 bladsye.

## VRAAG 1

1.1

| Nr. | B | E | L |
|-----|---|---|---|
| vb. | + | + | 0 |
|     |   |   |   |
|     |   |   |   |
|     |   |   |   |

|   |
|---|
|   |
| 6 |

1.2.1 Bereken die ontbrekende syfers in die nota vir vaste bates.

|       | BEWERKINGS | ANTWOORD |
|-------|------------|----------|
| (i)   |            |          |
| (ii)  |            |          |
| (iii) |            |          |
| (iv)  |            |          |

|    |
|----|
|    |
| 14 |

|              |
|--------------|
| TOTALE PUNTE |
|              |
| 20           |

## VRAAG 2

## 2.1 BEGRIPPE

|       |  |
|-------|--|
| 2.1.1 |  |
| 2.1.2 |  |
| 2.1.3 |  |
| 2.1.4 |  |

|   |
|---|
| 4 |
|---|

## 2.2.1 AMADIBA HANDELAARS

## STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2022

|                         |         |
|-------------------------|---------|
| Verkope                 |         |
| Koste van verkope       |         |
| Bruto wins              |         |
| Ander inkomste          |         |
|                         |         |
|                         |         |
|                         |         |
|                         |         |
| Bruto inkomste          |         |
| Bedryfsuitgawes         |         |
| Salarisse en Lone       | 192 200 |
| Advertensies            | 46 600  |
|                         |         |
|                         |         |
|                         |         |
|                         |         |
| Bedryfswins             |         |
|                         |         |
|                         |         |
|                         |         |
| Netto wins vir die jaar | 346 840 |

|    |
|----|
| 37 |
|----|

**Gee TWEE moontlike redes waarom huur-inkomste verminder het.**

|  |
|--|
|  |
|--|

|   |  |
|---|--|
|   |  |
| 4 |  |

|                     |
|---------------------|
| <b>TOTALE PUNTE</b> |
| <b>45</b>           |

## VRAAG 3

## 3.1

| HANDELS- EN ANDER ONTVANGBARES |  |
|--------------------------------|--|
| Handelsdebiteure               |  |
|                                |  |
|                                |  |
|                                |  |
|                                |  |
|                                |  |

7

## 3.2

| PRIVAATREKENINGE                 | B. Bolt     | C. Comma  |
|----------------------------------|-------------|-----------|
| Vennote se salarisse             |             | 480 000   |
|                                  |             |           |
| Rente op kapitaal                | 72 000      |           |
| Primêre verdeling van wins       |             |           |
| Finale verdeling van wins        |             | 261 600   |
| Onttrekkings vir die jaar        | (1 200 400) | (750 000) |
| Behoue inkomste vir die jaar     |             |           |
| Saldo aan die begin van die jaar |             |           |
| Saldo aan die einde van jaar     |             |           |

16

## 3.3 STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE OP 31 DESEMBER 2021

|                                       |  |           |
|---------------------------------------|--|-----------|
| <b>NIEBEDRYFSBATES</b>                |  |           |
| <b>Vaste bates</b>                    |  |           |
| <b>Finansiële bates</b>               |  |           |
| <b>BEDRYFSBATES</b>                   |  |           |
| <b>Vorrade</b>                        |  |           |
|                                       |  |           |
|                                       |  |           |
| <b>TOTALE BATES</b>                   |  |           |
|                                       |  |           |
| <b>EIENAARSBELANG EN LASTE</b>        |  |           |
| <b>EIENAARSBELANG</b>                 |  |           |
|                                       |  |           |
|                                       |  |           |
| <b>NIEBEDRYFSLASTE</b>                |  |           |
|                                       |  |           |
| <b>BEDRYFSLASTE</b>                   |  |           |
|                                       |  |           |
|                                       |  |           |
|                                       |  |           |
| <b>TOTALE EIENAARSBELANG EN LASTE</b> |  | <b>32</b> |

|                     |
|---------------------|
| <b>TOTALE PUNTE</b> |
|                     |
| <b>55</b>           |

**VRAAG 4****4.1 Bereken die volgende:****4.1.1**

| Vuurproefverhouding |          |
|---------------------|----------|
| BEWERKINGS          | ANTWOORD |
|                     |          |

|   |
|---|
|   |
| 4 |

**4.1.2**

| Gemiddelde voorraadhouding-periode (in dae) |          |
|---------------------------------------------|----------|
| BEWERKINGS                                  | ANTWOORD |
|                                             |          |

|   |
|---|
|   |
| 5 |

**4.1.3**

| Persentasie opbrengs op gemiddelde vennotebelang |          |
|--------------------------------------------------|----------|
| BEWERKINGS                                       | ANTWOORD |
|                                                  |          |

|   |
|---|
|   |
| 5 |

4.2

Lewer kommentaar op die likiditeitsposisie van die onderneming. Haal aan en verduidelik DRIE finansiële aanwysers (met syfers) in jou verduideliking.

|   |
|---|
| 8 |
|---|

4.3

Die vennote het besluit om die lening gedurende die finansiële jaar te verminder. Verduidelik hoe hierdie besluit die risiko van die onderneming beïnvloed het. Haal aan en verduidelik EEN finansiële aanwyser met syfers.

|   |
|---|
| 4 |
|---|

4.4

Collar is tevrede met die % opbrengs wat hy in die vennootskap verdien. Verskaf TWEE redes met syfers.

|   |
|---|
| 4 |
|---|

|                 |
|-----------------|
| TOTALE<br>PUNTE |
|-----------------|

|    |
|----|
| 30 |
|----|

TOTAAL: 150



# **NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 11**

**NOVEMBER 2022**

## **REKENINGKUNDE V1 NASIENRIGLYN**

**PUNTE: 150**

### **NASIENBEGINSELS:**

1. Tensy anders aangedui in die nasienriglyn, is strafpunte vir vreemde items slegs van toepassing indien 'n kandidaat nie punte op 'n ander plek in die vraag vir daardie item verloor het nie (geen strafpunte vir misplaaste item). Geen dubbelpenaliserings toegepas nie.
2. Strafpunte vir plasing of swak aanbieding (bv. besonderhede) is slegs van toepassing indien die kandidaat punte vir die bedrae vir daardie item verdien het.
3. Volpunte vir korrekte antwoord. Indien die antwoord foutief is, merk die bewerkings wat voorsien is.
4. Indien 'n vooraansuiweringsyfer as 'n finale syfer getoon word, ken die bewerkingspunt toe vir daardie syfer (nie die metodepunt vir die antwoord nie). Let wel: As syfers aangedui in nasienriglyn vir komponente of bewerkings, dra hierdie nie die metodepunt van die finale antwoord ook nie.
5. Tensy anders getoon, moet die positiewe of negatiewe effek van enige syfer in ag geneem word om die punt toe te ken. Indien geen + of – teken of hakie voorsien is nie, aanvaar dat die syfer positief is.
6. Waar aangedui word, ken deelpunte toe om die kwaliteit van antwoorde van kandidate te differensieer.
7. Waar strafpunte toegepas word, kan die punte vir daardie afdeling van die vraag nie as 'n negatiewe syfer getoon word nie.
8. Waar metodepunte toegeken word vir bewerking, moet die nasiener die redelikheid van die bewerking ondersoek.
9. 'Bewerking' beteken 'kontroleer bewerking'. 'Een deel korrek' beteken bewerking en een deel korrek. **LET WEL:** kontroleer bewerking moet +, -, x, ÷, wees of soos per nasienriglyn.
10. In bewerkings, moet nie punte toeken vir bewerking as teller en noemer omgeruil is nie – hierdie is ook van toepassing op verhoudings.
11. Met die toekenning van metodepunte, maak seker dat kandidate nie volpunte kry vir enige item wat foutief is nie, ten minste gedeeltelik. Dui aan met 'n ☒.
12. Wees bedag daarop dat party kandidate geldige alternatiewe buite die nasienriglyn kan verskaf. Neem kennis dat een kommentaar meer as een aspek kan aanspreek.
13. Kodes: f = vreemde item; p = plasing/aanbieding.

---

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 8 bladsye.

---

## VRAAG 1

1.1

| Nr. | B   | E   | L   |
|-----|-----|-----|-----|
| vb. | +   | +   | 0   |
| a   | + ✓ | + ✓ | 0   |
| b   | - ✓ | 0   | - ✓ |
| c   | - ✓ | + ✓ | 0   |

|   |
|---|
| 6 |
|---|

Indien geen inskrywing in 'n kolom aangedui word nie, aanvaar 0, -1 per reël vir vreemde inskrywing.

1.2.1 Bereken die ontbrekende syfers in die nota vir vaste bates.

|       | BEWERKINGS                                                        | ANTWOORD                     |
|-------|-------------------------------------------------------------------|------------------------------|
| (i)   | 3 000 000 + 760 000                                               | 3 760 000 ✓✓                 |
| (ii)  | 420 000 ✓ – 160 000 ✓                                             | 260 000 ✓                    |
| (iii) | sien (ii) x 10% bo<br>26 000 ☑ + 12 000 ✓✓                        | 38 000 ☑<br>een deel korrek  |
| (iv)  | 360 000 ✓ – <sup>252 000 drie punte</sup> (216 000 ✓ + 36 000 ✓✓) | 108 000 ☑<br>een deel korrek |

|    |
|----|
| 14 |
|----|

|              |
|--------------|
| TOTALE PUNTE |
|--------------|

|    |
|----|
| 20 |
|----|

**VRAAG 2****2.1 BEGRIPPE**

|       |     |
|-------|-----|
| 2.1.1 | B ✓ |
| 2.1.2 | D ✓ |
| 2.1.3 | A ✓ |
| 2.1.4 | C ✓ |

4

**2.2.1 AMADIBA HANDELAARS****STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2022**

|                                              |                                                           |                |    |
|----------------------------------------------|-----------------------------------------------------------|----------------|----|
| <b>Verkope</b>                               | (1 770 400 ✓ + 9 600 ✓)                                   | 1 780 000      | ☑* |
| <b>Koste van verkope</b>                     | Verkope x 100/160                                         | (1 112 500)    | ☑☑ |
| <b>Bruto wins</b>                            | Verkope – Koste van verkope                               | 667 500        | ☑  |
| <b>Ander inkomste</b>                        | bewerking, een deel korrek                                | 98 800         | ☑  |
| Korting ontvang                              |                                                           | 4 600          | ✓  |
| Handelsvoorraadsurplus                       | 278 000 twee punte<br>(287 700 ✓ – (284 000 ✓ – 6 000 ✓)) | 9 700          | ☑* |
| Voorsiening vir oninbare skulde-aansuiwering | (5 950 ✓ – 4 810 ✓✓)                                      | 1 140          | ☑* |
| Huur inkomste                                | (69 700 ✓ + 13 660 ✓✓)                                    | 83 360         | ☑* |
| <b>Bruto inkomste</b>                        | B. wins + AI                                              | 766 300        | ☑  |
| <b>Bedryfsuitgawes</b>                       |                                                           | (419 960)      |    |
| <b>Salarisse en Lone</b>                     |                                                           | 192 200        |    |
| <b>Advertensies</b>                          |                                                           | 46 600         |    |
| Oninbare skulde                              | (7 790 ✓ + 1 400 ✓)                                       | 9 190          | ✓  |
| Telefoon                                     | (10 500 ✓ + 1 150 ✓)                                      | 11 650         | ✓  |
| Versekering                                  | (107 730 ✓ – 8 910 ✓✓)                                    | 98 820         | ☑* |
| Waardevermindering                           |                                                           | 61 500         | ✓  |
| <b>Bedryfswins</b>                           | BI – B. uitgawes                                          | 346 340        | ☑  |
| Rente-inkomste                               | Balanseer bedrag<br>(WVRU – Bedr. W)                      | 18 000         | ☑  |
| Wins voor rente-uitgawe                      | NW + RU                                                   | 364 340        | ☑  |
| Rente-uitgawe                                | (312 000 – 294 500)                                       | (17 500)       | ✓✓ |
| <b>Netto wins vir die jaar</b>               |                                                           | <b>346 840</b> |    |

37

2.2.2

**Gee TWEE moontlike redes waarom huur inkomste verminder het.**

Enige TWEE geldige redes ✓✓ ✓✓

deelpunte vir onvolledige / gedeeltelike / onduidelik antwoorde

- Afname in vraag na huurruimte weens grendeltydperk (lockdown).
- Huurder kon nie bekostig om die oorspronklike huur te betaal nie en het beding vir 'n vermindering.
- Die huurder het onderhandel om 'n kleiner vloeroppervlakte te beset.
- Die huurder het 'n goedkoper aanbod vir dieselfde vloerruimte elders gekry.

4

**TOTALE PUNTE**

45

## VRAAG 3

3.1

| HANDELS- EN ANDER ONTVANGBARES  |           |         |                                       |   |
|---------------------------------|-----------|---------|---------------------------------------|---|
| Handelsdebiteure                | NHD – VOS | 377 500 | <input checked="" type="checkbox"/> * |   |
| Voorsiening vir oninbare skulde |           | (4 900) | ✓                                     |   |
| Netto handelsdebiteure          |           | 372 600 | ✓                                     |   |
| Vooruitbetaalde uitgawes        |           | 3 900   | ✓                                     |   |
| Opgelope inkomste               |           | 12 500  | ✓✓                                    |   |
|                                 |           | 389 000 | <input checked="" type="checkbox"/> * | 7 |

3.2

| PRIVAATREKENINGE                        | B. Bolt                                      | C. Comma                                    |    |
|-----------------------------------------|----------------------------------------------|---------------------------------------------|----|
| Vennote se salarisse                    | 600 000 ✓✓                                   | 480 000                                     |    |
| Vennote se bonusse                      | 40 000 ✓✓                                    |                                             |    |
| Rente op kapitaal (24 000 + 30 000)     | 72 000                                       | 54 000 ✓✓                                   |    |
| Primêre verdeling van wins bewerking    | 712 000 <input checked="" type="checkbox"/>  | 534 000 <input checked="" type="checkbox"/> |    |
| Finale verdeling van wins (261 600x3+2) | 392 400 ✓✓                                   | 261 600                                     |    |
| Onttrekkings vir die jaar               | (1 200 400)                                  | (750 000)                                   |    |
| Behoue inkomste vir die jaar bewerking  | (96 000) <input checked="" type="checkbox"/> | 45 600 <input checked="" type="checkbox"/>  |    |
| Saldo aan die begin van die jaar        | 146 500 ✓                                    | 33 000 ✓                                    |    |
| Saldo aan die einde van jaar bewerking  | 50 500 <input checked="" type="checkbox"/>   | 78 600 <input checked="" type="checkbox"/>  | 16 |

## 3.3 STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE OP 31 DESEMBER 2021

|                                       |                                                                                |           |                                       |               |
|---------------------------------------|--------------------------------------------------------------------------------|-----------|---------------------------------------|---------------|
| <b>NIEBEDRYFSBATES</b>                | bewerking                                                                      | 1 248 700 | <input checked="" type="checkbox"/>   |               |
| <b>Vaste bates</b>                    |                                                                                | 948 700   | ✓                                     |               |
| <b>Finansiële bates</b>               | 400 000 ✓ – 100 000 ✓✓                                                         | 300 000   | <input checked="" type="checkbox"/> * | 6             |
| <b>BEDRYFSBATES</b>                   | bewerking (TB – NBB)                                                           | 763 000   | <input checked="" type="checkbox"/>   |               |
| <b>Vorrade</b>                        | balanseersyfer (BB – HAO – KKE)                                                | 254 000   | <input checked="" type="checkbox"/>   |               |
| Handels en ander ontvangbares         | sien 3.1                                                                       | 389 000   | <input checked="" type="checkbox"/>   |               |
| Kontant en kontantekwivalente         | sien bo<br>(8 000 ✓ + 12 000 ✓ + 100 000 <input checked="" type="checkbox"/> ) | 120 000   | <input checked="" type="checkbox"/> * |               |
| <b>TOTALE BATES</b>                   | E + L                                                                          | 2 011 700 | <input checked="" type="checkbox"/>   | 8             |
| <b>EIENAARSBELANG EN LASTE</b>        |                                                                                |           |                                       |               |
| <b>EIENAARSBELANG</b>                 | bewerking (Kap + Priv. rek.)                                                   | 1 229 100 | <input checked="" type="checkbox"/>   |               |
| Kapitaal                              | (600 000 + 500 000)                                                            | 1 100 000 | ✓✓                                    |               |
| Privaatrekeninge                      | (50 500 + 78 600)                                                              | 129 100   | <input checked="" type="checkbox"/>   |               |
| <b>NIEBEDRYFSLASTE</b>                |                                                                                | 617 000   |                                       |               |
| Lening: Gqeberha Bank                 | (662 000 ✓ – 45 000 ✓✓)                                                        | 617 000   | <input checked="" type="checkbox"/> * | 8             |
| <b>BEDRYFSLASTE</b>                   | bewerking                                                                      | 165 600   | <input checked="" type="checkbox"/>   |               |
| Handels en ander betaalbares          | (83 200 ✓ - 12 500 ✓ + 5 400 ✓ + 13 000 ✓✓)                                    | 89 100    | <input checked="" type="checkbox"/> * |               |
| Bankoortrekking                       |                                                                                | 31 500    | ✓                                     |               |
| Huidige deel van lening               | sien NBL bo                                                                    | 45 000    | <input checked="" type="checkbox"/>   | 10            |
| <b>TOTALE EIENAARSBELANG EN LASTE</b> | bewerking                                                                      | 2 011 700 | <input checked="" type="checkbox"/>   | <div>32</div> |

\*een deel korrek

**TOTALE PUNTE****55**

**VRAAG 4****4.1 Bereken die volgende:**

4.1.1

| <b>Vuurproefverhouding</b>                                                                                                                                                                                                                                                                  |                                                                                   |
|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-----------------------------------------------------------------------------------|
| <b>BEWERKINGS</b>                                                                                                                                                                                                                                                                           | <b>ANTWOORD</b>                                                                   |
| <p>554 000 twee punte<br/> <math>(416\ 000 \checkmark + 138\ 000) \checkmark : 588\ 000 \checkmark</math></p> <p style="text-align: center;"><b>OF</b></p> <p>554 000 twee punte      een punt<br/> <math>(854\ 000 - 300\ 000) : 588\ 000</math><br/>           een punt      een punt</p> | <p>0,9 : 1 <input checked="" type="checkbox"/><br/>           een deel korrek</p> |

4

4.1.2

| <b>Gemiddelde voorraadhoud-periode (in dae)</b>                                                                                                                                                                                       |                                                                                          |
|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|------------------------------------------------------------------------------------------|
| <b>BEWERKINGS</b>                                                                                                                                                                                                                     | <b>ANTWOORD</b>                                                                          |
| <p>507 500 drie punte<br/>           1 015 000 twee punte<br/> <math>\checkmark \frac{1}{2} (300\ 000 + 715\ 000) \checkmark \checkmark</math><br/> <math>\frac{1\ 875\ 000 \checkmark}{1\ 875\ 000 \checkmark} \times 365</math></p> | <p>98,8 of 99 dae <input checked="" type="checkbox"/><br/>           een deel korrek</p> |

5

4.1.3

| <b>Persentasie opbrengs op gemiddelde vennotebelang</b>                                                                                                                                                                  |                                                                                        |
|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|----------------------------------------------------------------------------------------|
| <b>BEWERKINGS</b>                                                                                                                                                                                                        | <b>ANTWOORD</b>                                                                        |
| <p><math>\checkmark \frac{660\ 000}{1\ 745\ 400 \text{ drie punte}} \times 100</math><br/> <math>\checkmark \frac{1}{2} (2\ 002\ 800 + 1\ 488\ 000) \checkmark \checkmark</math><br/>           3 490 800 twee punte</p> | <p>37,8% of 38% <input checked="" type="checkbox"/><br/>           een deel korrek</p> |

5

4.2

**Lewer kommentaar op die likiditeitsposisie van die onderneming. Haal aan en verduidelik DRIE finansiële aanwysers (met syfers) in jou verduideliking.**

Finansiële aanwysers ✓ ✓ ✓ vergelykende syfers ✓ ✓ ✓ Geldige kommentaar ✓ ✓  
deelpunte vir onvolledige / gedeeltelike / onduidelik antwoorde

Bedryfsverhouding het afgeneem van 1,8 : 1 tot 1,5 : 1.

Vuurproefverhouding het toegeneem van 0,7 : 1 tot 0,9 : 1 sien 4.1.1 en sien verduideliking  
dienooreenkomstig na

Die voorraadperiode daal van 159 dae na 99 dae sien 4.1.2

Likiditeit toon 'n opwaartse / stygende neiging / die onderneming hou baie minder  
voorraad / voorraad beweeg vinniger / styging in verkope / minder kontant wat in  
voorraad vasgevang word / sal moontlik nie in die toekoms kontantvloei probleme  
ondervind nie

8

4.3

**Die vennote het besluit om die lening gedurende die finansiële jaar te verminder. Verduidelik hoe hierdie besluit die risiko van die onderneming beïnvloed het. Haal aan en verduidelik EEN finansiële aanwyser met syfers.**

Finansiële aanwyser ✓ vergelykende syfers met neiging ✓ kommentaar ✓ ✓

Skuld/ekwiteitsverhouding het gedaal van 0,5 : 1 tot 0,3 : 1 (met 0,2 : 1)

- Die afbetaling van die lening plaas die onderneming op 'n laer finansiële risiko.
- Alhoewel die onderneming steeds laag gerat is, is die risiko laer.

4

4.4

**Collar is tevrede met die % opbrengs wat hy in die vennootskap verdien. Verskaf TWEE redes met syfers.**

Twee geldige redes ✓ ✓ Vergelykende syfers ✓ ✓

- % opbrengs het toegeneem van 14% tot 17% (met 3% punte) terwyl EZO sin van 30% tot 21% (met 9%) gedaal het.
- % opbrengs is steeds hoër as alternatiewe beleggings wat ±6 % is.

4

**TOTALE PUNTE**

**30**

**TOTAAL: 150**